# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
**(22-26 Junie 2026)**

---

### ONS ONTMOET MEKAAR
Met Vadersdag in gedagte, watter vader of man het die grootste invloed op jou lewe gehad? Vertel mekaar daarvan.

### ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

### GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Josua 24:1-18
**Tema:** Maak jou kruisie op die regte plek.

## Gespreksvrae:

1. Josua laat die volk terugkyk na God se keuse vir hulle in die verlede. Watter voorbeelde van God se trou en sorg sien jy raak wanneer jy terugkyk oor jou eie lewe?

2. God was die Een wat telkens vir Israel gekies, gelei en gered het. Hoe help die feit dat God deur sy Seun, Jesus Christus, eerste vir ons gekies het, jou om te kies om Hom lief te hê en te dien?

3. Josua verklaar: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien." Hoe kan ons as gesinne en huishoudings vandag prakties wys dat ons gekies het om die Here te dien?

4. Josua waarsku teen gedeelde trou aan God. Watter "afgode" kan vandag steeds maklik ons aandag, tyd en liefde wegtrek van die Here?

5. Die volk belowe om die Here te dien, maar Josua weet dat dit opregte toewyding vereis.
5.1 Watter rede gee Josua vir die volk as hy hulle “afraai” om die Here te dien?
5.2 Wat is die verskil tussen om net te sê dat jy die Here kies en om Hom werklik met jou hele lewe te dien?

6. Wat leer ons in Matt 7:13-14; Mark 9:40 en Open 3:15-16 oor ons keuse vir die Here?

### GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
Watter een verandering of geloofsdaad wil jy en jou familie hierdie week doen as dankbare antwoord op God se liefde en genade?